# Ons hou aan om te groei

## Plaaslike ekonomiese nuus: Junie 2010

**deur Tendani Mantshimuli, verbruikersekonoom, Liberty Life**

In ons laaste oorsig het ons geskryf dat die ekonomie weer groei. Die jongste syfers vir ekonomiese groei het die meeste ekonome verras deurdat dit beter is as wat verwag is. Met dié dat ons die halfjaarmerk nader, lyk dinge al hoe beter vir die Suid-Afrikaanse ekonomie en lyk dit asof verbruikers voorts daaruit sal voordeel trek.

Die Suid-Afrikaanse ekonomie het in die eerste kwartaal van 2010 met 4.6% gegroei, wat meer is as wat deur die meeste ontleders voorspel is. Die verskaffer-sektor van die ekonomie herstel fluks van die resessie en die grootste bydraes tot die groei-neiging kom uit die vervaardiging-, myn-, handel- en finansiële sektore.

### Groter vraag na motors en kommoditeite

Die vervaardigingsektor het voordeel getrek uit 'n groter vraag na motors vir die uitvoersektor en vir die plaaslike verhuringsektor in afwagting van die 2010 Wêreldbeker. 'n Groter vraag uit Oosterse lande na kommoditeite soos basiese metale het ook die vervaardigingsektor se opbrengs 'n hupstoot gegee.

### Verbruikersvertroue is aan die herstel

Belangrik is die feit dat daar beduidende groei in die handels- en finansiële sektore was. Gedurende Maart het kleinhandelverkope weer positief gedraai na meer as 'n jaar van negatiewe groei. Hierdie positiewe groei sal na verwagting deur Wêreldbeker-verwante bedrywigheid volgehou word, asook deur die toenemende vertroue van verbruikers op die hakke van die ekonomiese herstel. Dit is bemoedigend, omdat dit tekens toon van 'n verbetering in die verbruikersentiment.

### Werkloosheid en inflasie is pretbederwers

Werkloosheid is steeds 'n bedreiging vir volgehoue ekonomies groei: gedurende die eerste kwartaal van hierdie jaar was daar 170 000 werkverliese. Die ekonomie kan nie net op die verskaffer-sektor staatmaak vir volgehoue groei nie: verbruikersbesteding, wat van die bestedingskant sowat tweederdes van die BBP uitmaak, sal beduidend moet toeneem. Die werkloosheidsituasie sal na verwagting verbeter namate ekonomiese groei momentum kry.

Bykomend tot werkloosheid plaas die groot stygings in geadministreerde pryse soos water, belasting, tariewe en elektrisiteit 'n demper op die verbruikersvraag. Hierdie neiging behoort egter getemper te word deur die volgehoue lae inflasie- en rentekoersklimaat.

*“Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.”*